Weeklikse Verslag

26 Mar 2026



Agenda

In hierdie week se verslag kyk ons na die oliesaad verbruik wat nou vir die seisoen afgesluit het. Ons kyk ook na die nuutste oesskatting.

- NOK
- Oliesaad verbruik
- Grondvog
- Tegniese analise
- Weeklikse Opsomming
- SAGIS Uitvoer Vordering

NOK

Die tweede NOK skatting vir die 2026 seisoen.

Die mielies teen 16,5 miljoen ton.

Sojabone teen 2,73 miljoen ton en sonneblomsaad teen 780 000 ton.

SUMMER CROPS – AREA PLANTED AND SECOND PRODUCTION FORECAST: 2026
SOMERGEWASSE – OPPERVLAKTE- EN TWEEDE PRODUKSIESKATTING: 2026

CROP/GEWAS	**Area planted/ Opp beplant** **2026** **Ha** **(A)**	**2nd forecast/ 2de skatting** **2026** **Tons** **(B)**	1st forecast/ 1ste skatting 2026 Tons (C)	Area planted/ Opp beplant 2025 Ha (D)	Final crop/ Finale oes 2025 Tons (E)	Change/ Verandering/ % (B) ÷ (C)
Commercial/Kommersieël:						
White maize/Witmielies	1 664 700	8 757 850	8 509 550	1 599 700	8 450 000	2,92%
Yellow maize/Geelmielies	1 051 500	7 750 450	7 616 800	997 000	8 200 000	1,75%
Total Maize/Totale Mielies	2 716 200	16 508 300	16 126 350	2 596 700	16 650 000	2,37%
Sunflower seed/Sonneblomsaad	570 100	778 155	754 475	555 700	700 000	3,14%
Soybeans/Sojabone	1 212 700	2 729 975	2 661 425	1 151 000	2 800 000	2,58%
Groundnuts/Grondbone	44 650	69 360	65 238	48 125	63 350	6,32%
Sorghum	45 000	140 653	131 888	41 150	150 000	6,65%
Dry beans/Droëbone	40 950	80 704	78 594	45 620	90 556	2,68%
TOTAL/TOTAAL	4 629 600	20 307 147	19 817 969	4 438 295	20 453 906	2,47%

Note: Estimate is for calendar year, e.g. production season 2025/26 = 2026
Nota: Skatting is vir kalenderjaar, bv. produksie-seisoen 2025/26 = 2026

Oliesaad verbruik

Bo is die maandelikse verbruik van sojabone en onder die van sonneblomsaad.



Sojaboon verbruik

Die sojaboon aanwending was baie sterk vir die 2025/26 seisoen en eindig op 2 368 308 miljoen ton vir totale verbruik. Ek noem dat dit totale verbruik was, want dit sluit die pers van bone vir die uitvoer van die produk. As ek dit moet opbreek in die twee hoof kategorië sal dit 2 154 929 miljoen ton wees vir die plaaslike mark en 203 703 ton vir die uitvoer mark. Dit is ook goed om te weet dat hierdie ‘n nuwe rekord aanwending was vir sojabone, met die vorige rekord rondom 2 000 000 ton in 2023/24 seisoen. Ons kan aan die NOK skatting sien dat weer ‘n goeie sojaboon oes verwag kan word.

Sonneblomsaad verbruik

Die sonneblomsaad verbruik eindig net so bo die 5-jaar gemiddelde verbruik teen 781 788 ton vir die seisoen. Die 5-jaar gemiddelde verbruik is 750 000 ton. Uit die verbruik grafiek bo kan gesien word dat die afgelope 5-jaar is die verbruik baie swak in Desember, Januarie, Februarie en Maart, met omtrent 80% van verbruik in die ander maande. Ons kan aan die NOK skatting sien dat ‘n sterk sonneblomsaad oes verwag kan word.

RSA Grondvog

RSA Grondvog



BVG Weerstasies	14 Dag Totaal (2026-03-12 : 2026-03-26)	Seisoen totaal 2025/26 (25-07-01 : 2026-03-26) A	Vorige Seisoen tot datum 2024/25 (2024-07-01 : 2025-03-26) B	Nuwe seisoen as % van vorige seisoen A ÷ B
VRYSTAAT				
Bothaville	49	697	548	127%
Frankfort	31	385	512	75%
Hoopstad	29	719	383	188%
Koppies-Sasol	88	757	652	116%
Kroonstad	122	775	519	149%
Vrede	43	729	822	89%
Wesselsbron	24	2590	450	576%
Bultfontein-Weltevrede	21	536	389	138%
Viljoenskroon	70	383	474	81%
KwaZulu-Natal				
Bergville	67	920	862	107%
MPUMALANGA				
Argent	45	612	869	70%
Middelburg-Pan	94	588	513	115%
Overvaal	43	588	843	70%
Standerton	86	570	596	96%
Witbank	102	774	659	117%
Delmas	48	615	431	143%
NOORD-WES				
Stella	62	604	687	88%
Schweizer-Reneke	68	583	525	111%
Leeudoringstad	54	748	625	120%
Coligny	21	409	418	98%



Bo-Grondvog

Reënval

Onder-Grondvog

Tegniese Analise

26 MAR 2026

BRENT RU-OLIE

Die Brent ru-olie maak ’n korreksie nadat daar aangekondig was dat daar vredes gesprekke is tussen die VSA en Iran. Pryse daal tot onder $100/vat, maar soos ek hier skryf klink dit of dit deur die mat geval het en daarom pryse teen $105/vat.

CBOT
Dec ’26 Corn

Die CBOT Dec’26 Corn kontrak verhandel positief, want hoe langer die krises aanhou, hoe groter is die kans vir swakker aanplantings van corn in die VSA.

SAFEX
Jul’26 WMAZ

Die Safex Jul’26 WMAZ kontrak verhandel so te sê sywaarts die afgelope tyd, en dit lyk of die 100-dag GG lyn weerstand bied.

SAFEX
Jul’26 YMAZ

Die Safex Jul’26 YMAZ kontrak lyk of

daar weerstand teen R3600 vorm.

CBOT
Nov’26 BEAN

Die CBOT Nov’26 BEAN kontrak kry

ondersteunig by die 20-dag GG lyn.

SAFEX
Mei’26 SOYB

Die SAFEX Mei’26 SOYB kontrak loop dit self vas teen weerstand op R7100. Dit moet eers breek voor ons meer stygings kan verwag.

DOLLAR INDEKS

Die Dollar indeks verhandel

sywaarts die afgelope week.



Rand/Dollar Wisselkoers

Die Rand/Dollar wisselkoers verswak weens al die onstuimigheid in die markte. Mens kry die gevoel indien die 40-dag GG lyn na bo breek, kan ons groter verswakking sien.



Week se Opsomming

Die nuutste NOK skatting plaas die totale oes teen 16,5 miljoen ton, Dit is 380 000 ton meer as die vorige skatting. Die witmielie oes groei na 8,75 miljoen ton en die geelmielies na 7,75 miljoen ton. Die sojabone is ook meer teen 2 729 975 ton en die sonneblomsaad teen 778 155 ton. Die oliesaad verbruik seisoen het ook afgesluit en ons sien 'n rekord verbruik vir sojabone teen 2 368 308 wat bestaan uit 2 150 000 ton se plaaslike verbruik en 200 000 ton vir produk uitvoere. Die sonneblomsaad verbruik teen 780 000 ton is so 30 000 ton meer as die 5-jaar gemiddelde verbruik. Ons sien ook dat hierdie week het die witmielie uitvoere 1 miljoen ton bereik, met Zimbabwe die grootste koper teen 400 000 ton.

SAGIS
Uitvoer Vordering

20 MAR 2026

SAGIS

UITVOERE per Week

UITVOERE	GEEL MIELIES	WIT MIELIES
WEEK	13 735	28 744
TOTAAL	783 472	1 000 473

VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA
COMDI-AGRI
COMDI-AGRI
COMDI-AGRI
COMDI-AGRI
COMDI.CO.ZA

DANKIE

4IE TRADING

Kontak ons 082 776 1609 of by Francois.Fourie@bvg.net

Geskryf deur **Francois Fourie** van 4IE Trading

in samewerking met COMDI Agricultural Markets (Pty) Ltd

COMDI.CO.ZA